

10 Augustus

Skrifgedeelte: Jesaja 40:26-31

Fokusgedeelte: NGB, Art 1

### God is ewig

Guido de Bres (1522-1567), opsteller van die Nederlandse Geloofsbelydenis, leef in onstuimige tye. Die tagtigjarige oorlog tussen Spanje en Nederland woed in al sy felheid. Protestante word tot “kettere” verklaar en swaar vervolgd. Die stryd om ’n suiwer geloof word verder bemoeilik deur die dwaalleer van die Wederdopers.

De Bres is byna altyd op die vlug. Londen, Frankfurt, Lausanne, Genève en Sedan dien as tydelike tuistes. Telkens keer hy egter onder lewensgevaar na die suide van Nederland terug om die reformatoriese geloof te bevorder. Hy preek en versprei sy geloofsbelydenis. In ’n brief aan die Spaanse koning verklaar hy hom bereid om, as dit nodig is, hierdie belydenis met sy eie bloed te beseël. Op 31 Mei 1567 word sy bloed inderdaad geëis as hy in Valencia gevang en opgehang word.

Wat sou in ’n lewe van soveel vervolging De Bres se anker gewees het? As die stryd en die eise van die tyd jou laat dreineer soos ’n spons, as die immerteenwoordige weerstand en vyandskap jou uitput en afmat, as jy oorspoel van probleme onvermydelik begin dink: “Die Here sien nie raak wat van my word nie” (vers 27), wat hou jou dan staande?

Vir Guido de Bres is dit sy onwrikbare geloof in God. Daar is ’n “enige en enkelvoudige Wese” wat bó die onstuimigheid van die tyd staan en in daardie EWIGE God vind hy sy anker.

Presies hierop wys God ook die moedelose ballinge van Jesaja 40:26-31. Kyk weer ’n slag op na die sterre en kom onder die besef: “Die Here is die ewige God” (vers 28). As omstandighede jou lam maak, onthou: Bo alles is God in beheer. Hy raak nie moeg of afgemat nie. Dié wat op Hom vertrou kry nuwe krag (vers 31). So seker as wat God ewig lewe!

*DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)*

~~~~~